



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

EKONOMIE V1

2021

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

AFDELING A: VERPLIGTEND
AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.
2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Lees die vrae aandagtig deur.
5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.
7. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.
8. Gebruik slegs swart of blou ink.
9. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1****30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Siklusse wat 3–5 jaar duur en veroorsaak word deur besighede wat hul voorraadvlakke aanpas:

- A Jugler
- B Kitchin
- C Kuznets
- D Kondratieff

1.1.2 'n Daling in die waarde van die geldeenheid as gevolg van markkragte staan as ... bekend.

- A revaluasie
- B devaluasie
- C appresiasie
- D depresiasie

1.1.3 Nuut gevestigde firmas wat steeds beskerming nodig, word ... nywerhede genoem.

- A mededingende
- B strategiese
- C krimpende
- D kleuter-

1.1.4 Die voortdurende beweging van produksiefaktore, goedere en dienste tussen die deelnemers in die ekonomie word ... genoem.

- A lekkasies
- B inspuitings
- C reële vloei
- D geldvloei

1.1.5 Dienslewering om die daaglikse bestuur van stede en dorpe te verseker, is die verantwoordelikheid van die ... regering.

- A plaaslike
- B nasionale
- C provinsiale
- D sentrale

1.1.6 'n Landwye owerheidsinmenging om werk te skep deur van arbeidsintensiewe metodes gebruik te maak, staan as die ... bekend.

- A Swart Ekonomiese Bemagtigingsprogram
- B Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie
- C Uitgebreide Openbare Werke-program
- D Gesamentlike Inisiatief oor die Verwerwing van Voorkeurvaardigheid

1.1.7 Kwessies wat oor 'n tydperk met die welstand van mense verband hou, word gemonitor deur ... aanwysers te gebruik.

- A groei-
- B sosiale
- C ekonomiese
- D kommunikasie-

1.1.8 'n Ruimtelike gebied wat 'n deurgang vorm en toegang verleen van een gebied na 'n ander, word 'n ... genoem.

- A korridor
- B spesiale ekonomiese sone
- C ruimtelike-ontwikkelingsinisiatief
- D nywerheidsontwikkelingsone

(8 x 2) (16)

- 1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Embargo	A	wanneer 'n land by buitelandse handel betrokke is en 'n gegewe goed teen 'n laer insetkoste as ander lande produseer
1.2.2	Lengte van die sakesiklus		
1.2.3	Komparatiewe voordeel	B	'n algehele verbod wat op die invoer van goedere uit 'n sekere land ingestel word
1.2.4	Marginale spaar-geneigdheid	C	gemeet van piek tot piek of trog tot trog
1.2.5	Niemededinging	D	die gedeelte van inkomste wat huishoudings nie verbruik nie
1.2.6	Welvaartsbelasting	E	verbruik deur een persoon verminder nie verbruik deur 'n ander persoon nie
1.2.7	Nywerheids-ontwikkeling	F	ekonomiese goedere wat nie 'n tasbare of opbergbare vorm aanneem nie
1.2.8	Dienste	G	gemeet in terme van per capita reële bruto binnelandse produk
		H	gehef op eiendom volgens hul markwaarde
		I	omvangryke toename in georganiseerde ekonomiese aktiwiteit om te vervaardig, ontgin, boer en dienste te lewer

(8 x 1)

(8)

- 1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.
- 1.3.1 Die kromme wat die verband tussen die werkloosheidskoers en inflasiekoers aandui
- 1.3.2 'n Ekonomie wat die buitelandse sektor uitsluit
- 1.3.3 'n Strategie om die institusionele kapasiteit van dienslewering te versterk wat ekonomiese en sosiale ontwikkeling bevorder
- 1.3.4 'n Streeksontwikkelinisiatief wat infrastruktuur en sake-investering na agtergeblewe gebiede lok
- 1.3.5 'n Tarief gebaseer op 'n vaste bedrag per eenheid, gewig of grootte, wat op ingevoerde goedere gehef word
- 1.3.6 Die sakesiklusbenadering gebaseer op kragte binne die markstelsel
- (6 x 1) (6)
- TOTAAL AFDELING A: 30**

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van 'n strategiese nywerheid. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe sal 'n progressiewe inkomstebelastingstelsel die herverdeling van inkome beïnvloed? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Suid-Afrika se Nasionale Rekeninge-totale Besteding op Bruto Binnelandse Produk	
R miljoene Teen konstante 2010-pryse	2019
Finale verbruiksbesteding deur huishoudings	3 058 619
Finale verbruiksbesteding deur die algemene owerheid	1 081 318
Bruto kapitaalsvorming	893 104
Bruto Binnelandse Besteding	5 033 041
Residuele item	19 097
Bruto Binnelandse Besteding (residu ingesluit)	5 052 077
Uitvoere van goedere en dienste	1 515 966
Invoere van goedere en dienste	1 490 318
BBP teen markpryse	5 077 625

[Aangepas uit www.resbank.co.za/webindicators, Junie 2020]

2.2.1 Watter jaar word tans deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank as basisjaar gebruik? (1)

2.2.2 Identifiseer die syfer wat gebruik word om vir foute en weglatingsvoorsiening te maak wanneer die bruto binnelandse produk teen markpryse bereken word. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *bruto binnelandse besteding*. (2)

2.2.4 Watter effek sou 'n toename in ingevoerde klerasie op binnelandse tekstielvervaardigers hê? (2)

2.2.5 Hoe sal bruto kapitaalsvorming 'n positiewe uitwerking op die ekonomie hê? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**EKONOMIESE INTEGRASIE – 'N NUWE VRYHANDELSGEBIED
IN AFRIKA**

Die Verenigde Nasies se Konferensie oor Handel en Ontwikkeling en die Wêreldhandelsorganisasie speel 'n rol in internasionale handel.

Die Afrika Kontinentale Vryhandelsgebied (AfKVHG) is in Mei 2019 gestig om lande deur streeksamewerking en -integrasie ekonomies te laat groei. AfKVHG beoog om vervaardigingspotensiaal te ontsluit en om industrialisasie in Afrika te vergemaklik. Die kontinent dra tans slegs 1,4% tot wêreldwye fabrieksproduksie by en word deur infrastruktuur-uitdagings en korrupsie geteister.

[Aangepas uit *Mail & Guardian*, 23 Julie 2020]

- 2.3.1 Noem die instelling wat handelsliberalisering bevorder. (1)
- 2.3.2 Gee EEN vorm van ekonomiese integrasie. (1)
- 2.3.3 Beskryf kortliks die term *vryhandel*. (2)
- 2.3.4 Hoekom sal invoervervanging op lang termyn 'n negatiewe effek op verbruikers hê? (2)
- 2.3.5 Hoe kan Afrikalande uit 'n nuwe vryhandelsooreenkoms voordeel trek? (2 x 2) (4)
- 2.4 Verduidelik, met die hulp van 'n korrek benoemde grafiek, die effek van vraagkantbeleide in die stimulering van ekonomiese aktiwiteit gedurende 'n resessie. (2 x 4) (8)
- 2.5 Hoe kan 'n styging in investering tot 'n hoër nasionale inkome in die ekonomie bydra? (8)
- [40]**

VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van nywerheidsontwikkelingsones in Suid-Afrika. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe kan publieke-privaatsektor-vennootskappe meer tot streeksontwikkeling bydra? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

VOLHOUBARE LEWENSBESTAAN VAN TOWNSHIP-KMMO's MET BETREKKING TOT GROEI EN ONTWIKKELING

In Suid-Afrika word klein, medium- en mikro-ondernemings (KMMO's) erken as die kritieke dryfkrag om sekere ekonomiese uitdagings, wat die land in die gesig staar, te verlig. KMMO's in Suid-Afrika speel 'n deurslaggewende rol in die land se ekonomie en dra tussen 40% en 41% van die land se BBP, en tot 61% van die algehele indiensneming by.

In hierdie verband beplan die Kleinsake-Ontwikkelingsagentskap (KSOA) en die Kleinsake-finansieringsagentskap (KSFA) om programme te implementeer om die lewensbestaan van township-KMMO's te verbeter.

[Aangepas uit www.mdpi.com, 14 April 2020]

3.2.1 Identifiseer die instelling wat klein besighede bevorder. (1)


3.2.2 Watter ekonomiese uitdaging word deur klein, medium- en mikro-ondernemings in die ekonomie gehanteer? (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *indiensneming*. (2)

3.2.4 Hoe word klein, medium- en mikro-ondernemings deur die Kleinsake-ondersteuningsprogram bevoordeel? (2)

3.2.5 Wat is die uitdagings by die implementering van breëbasis- swart ekonomiese bemagtiging? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Aangepas uit dti/IPAP, 2018/19–2020/21]

- | | | |
|-------|---|-------------|
| 3.3.1 | Watter fokusarea verskaf ekonomiese infrastruktuur vir nywerheidsontwikkeling? | (1) |
| 3.3.2 | Noem die nywerheidsontwikkelingsbeleid wat die owerheid se breë benadering tot nywerheidsontwikkeling bepaal. | (1) |
| 3.3.3 | Beskryf kortlik die term <i>innovering</i> . | (2) |
| 3.3.4 | Hoe bevorder nywerheidsontwikkeling entrepreneurskap in die ekonomie? | (2) |
| 3.3.5 | Wat is die uitdagings waarvoor die Nywerheidsbeleid-aksieplan te staan kom? | (2 x 2) (4) |
| 3.4 | Bespreek die algemene maatstafkriteria vir streeksontwikkeling. | (4 x 2) (8) |
| 3.5 | Evalueer die gebruik van aanbodkant-maatreëls om die volgehoue lae ekonomiese groei in Suid-Afrika op te los. | (8) |
| | | [40] |

VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE effekte van internasionale handel. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe trek verbruikers in die invoerland voordeel uit storting? (2)

4.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SUID-AFRIKA SE BETALINGSBALANS – TWEDE KWARTAAL 2019

Die betalingsbalans bestaan uit 'n lopende rekening, kapitale oordrag- en finansiële rekening.

Suid-Afrika se handelsbalans het van 'n surplus van R41,9 miljard in die eerste kwartaal van 2019 na 'n tekort van R27,2 miljard in die tweede kwartaal omgeskakel. Die agteruitgang in die handelsbalans het ontstaan namate die waarde van goedere-invoere aansienlik gestyg het. Dit het 'n invloed op die ruilvoet gehad.

[Aangepas uit SARB, *Statistical Press Release*, September 2019]

4.2.1 Identifiseer die rekening in die betalingsbalans wat uitvoere en invoere van goedere en dienste opteken. (1)


4.2.2 Watter kommoditeit word as 'n aparte uitvoeritem in die Suid-Afrikaanse betalingsbalans opgeteken? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *ruilvoet*. (2)

4.2.4 Verduidelik die impak van 'n styging in uitvoerpryse op Suid-Afrika se handelsbalans. (2)

4.2.5 Hoe kan invoerbeheer gebruik word om die betalingsbalans-tekort reg te stel? (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Aangepas uit Google Images, 2020]

- 4.3.1 Watter staatsdepartement is vir die begroting verantwoordelik? (1)
- 4.3.2 Noem EEN faktor wat tot die afgradering van die Suid-Afrikaanse ekonomie bygedra het. (1)
- 4.3.3 Beskryf kortliks die term *regstellende aksie*. (2)
- 4.3.4 Watter impak sal Suid-Afrika se kredietgradering na rommelstatus op die ekonomie hê? (2)
- 4.3.5 Hoe kan staatsbeheerde ondernemings tot die uitbreiding van die ekonomie bydra? (2 x 2) (4)
- 4.4 Beskryf kortliks *ekstrapolasie* en *amplitude* as kenmerke in die vooruitskatting van sakesiklusse. (2 x 4) (8)
- 4.5 Evalueer die impak van die depresiasie van die rand op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (8)
- [40]**

TOTAAL AFDELING B: 80

